DEEL 115 | WEEK 18 | 5 MEI 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BAKKIE AMPER IN KAPSALON



## - Eienaar spoor self gesteelde bakkie op

Daar was weereens die afgelope twee weke 'n golf van inbrake in Heilbron. Die dorp word reeds vir weke lank deur misdadigers geteister wat voertuie en ander goedere steel. Ongeveer twee weke gelede is Willie Pieters se voertuig uit sy erf gesteel, waarna vele ander inbrake daarna plaasgevind het. Gerrie Muller, 'n welbekende sakeman van Heilbron, was ook 'n slagoffer.

Gerrie vertel dat sy vrou hom op 26 April vroeg die oggend wakker gemaak het nadat sy gevind het dat hul skuifdeure oop is, en die Ford kajuitbakkie vermis is. Gerrie het onmiddellik self die saak by die polisie gaan aanmeld. Hy het opgemerk dat die opsporingstoestel wat hy van sy foon af kan monitor, wys dat die kajuitbakkie in Thembisa, Midrand is. Muller het 'n vriend wat naby Thembisa woon, gebel en gevra om op die uitkyk te wees vir die bakkie, waarna die vriend na die bakkie gaan soek het. Gerrie het na die verwysingspunt van die opsporingstelsel gery, maar die bakkie was reeds twee kilometer verder. Dit word vermoed dat die misdadigers agtergekom het daar is 'n opsporingstoestel in die bakkie en gepoog het om dit uit te haal. Gelukkig vir Gerrie kon hulle dit nie regkry nie en kon hy al hulle bewegings dophou. Hy het die bakkie, wat gesluit was, by 'n ander perseel gevind. Hy noem dat hy wel talle kere die polisie in Thembisa gebel het oor die gesteelde bakkie wat hy gevind het, maar steeds nog niks van hulle gehoor het nie. Hy het die saak aan twee SAPD-lede wat toevallig verbygery het en ondersoek ingestel het, verduidelik.

Gerrie het teruggery na die oorspronklike plek waar die opsporingstoestel die bakkie aangewys het, met die hoop om sy beursie te vind. Alhoewel hy nie sy beursie gevind het nie, het hy wel goed wat in sy bakkie was gekry, soos sy seun se Yoyo, 'n koeldrankblikkie en 'n pakkie grondboontjies. Dit was langs 'n besigheid wat vermoedelik as 'n Kapsalon bedryf word. Muller het ook 'n Appel-Airtag aan sy beursie. Die polisiebeamptes wat op die toneel was, het beloof hulle sal die beursie opspoor, maar die Appel-Airtag is sedert Woensdag reeds gedeaktiveer. Die bakkie word tans by die paneelkloppers herstel. Gerrie vertel dat dit die tweede keer is dat hy sy eie voertuig teruggekry het nadat dit gesteel is. Ongeveer sewe jaar terug is 'n trok van hom gesteel wat hy ook self sonder die polisie se hulp gevind het.

Dit wys dat daar altyd hoop is, te midde van die misdaad en wanorde in ons samelewing. Die publiek word versoek om waaksaam te wees en die polisie te ondersteun in hul pogings om hierdie golf van misdaad te stop.

Moedersdag Boodskap

**Plaas 'n boodskappie in 12 Mei se Heilbron Herald ter liefde van die moeder in jou lewe!**

Opsie 1: Tussen 30-50 woorde
@ R65 incl VAT
Opsie 2: Foto + 50 woorde
@ R95 incl VAT



**Bespreek jou spasie nou**
**Hendie: 071 175 9807**

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
*Donderdae – Royal Auction Centre*

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
www.bkb.co.za



HIGH FERT HF KUNSMIS

Johnny Claassen
082 779 3417

JCB

Eben Claassen
072 581 7627

WILGE CHEM

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

RIEMLAND MUSEUM

AANDAG!

Alle Heilbron Kunstenaars

Ons nooi graag kunstenaars uit om hul kuns ten toon te stel by Riemland Museum se eerste kuns uitstalling vir 2023!

Kontak

Lanzo – 081 898 1457

Om jou plek te bespreek en jou kuns uit te stal



# Paastyd-ongelukke

*Paasfees is 'n tyd van viering en vreugde, maar dit is ook die tyd van die jaar wanneer die risiko vir ongelukke op ons paaie ongelukkig baie hoog is. Hierdie jaar was geen uitsondering nie, met drie ernstige ongelukke wat plaasgevind het vanaf laas week Donderdag.*

*Die eerste ongeluk het op die Petrus Steyn-pad gebeur toe 'n swaar vragmotor teen 'n trekker met 'n sleepwa gebots het. Die swaar voertuig het van agter in die trekker en sleepwa vasgery en die ongeluk veroorsaak. Die trekkerbestuurder is Saterdagoggend in die Kroonstad-hospitaal aan sy beserings oorlede. 'n Tweede ongeluk het Vrydag op die Petrus Steyn-pad plaasgevind. 'n BMW het gerol en een persoon is uit die voertuig geslinger. Die derde ongeluk het op die Sasolburg-Heilbron-pad plaasgevind in die vroeë oggendure van Sondag. Daar was 'n kop-aan-kop botsing tussen twee voertuie, en insittendes in beide voertuie is ook oorlede. Dit is 'n tragiese herinnering dat ons nie net vir ons eie veiligheid nie, maar ook vir die van ander padgebruikers, verantwoordelik is.*

*Die Paasfees-seisoen bring dikwels 'n toename in padverkeer en -reis, wat beteken dat dit 'n tyd is waarin ons almal ekstra waaksaam moet wees op die paaie. Ons kan dit niè bekostig om nie oplettend en versigtig te wees op die paaie nie.*

# Refuse Truck Delay Resolved



After almost a month of waiting for the local municipality to pick up trash, residents can finally breathe a sigh of relief as the refuse truck has been released and is on its way back home. The delay in trash collection has caused much inconvenience for residents, with overflowing bins and unsanitary conditions becoming a growing concern.

According to sources, the delay in the arrival of the refuse truck was due to unexpected mechanical issues that needed to be addressed. The municipality had to bear a cost of R64 000 for the repairs on the truck, which had been in service for several years.

The delay in trash collection has been a source of frustration for residents who have been left with no other option but to live with the garbage piling up outside their homes. While the municipality had not attempted to make alternative arrangements for trash collection, frustration was running high.

The situation highlights the importance of having a reliable and well-maintained fleet of vehicles for municipal services such as waste management. Inefficient and inadequate service delivery can cause significant inconvenience for residents and negatively affect public health and the environment.

As the refuse truck returns to its routine, residents can look forward to cleaner and healthier living conditions. While the delay was unfortunate, it serves as a reminder of the importance of timely maintenance and efficient service delivery in ensuring the well-being of communities.

# Uit die pen: Week 18 van 2023



Deesdae lees ek al hoe meer van die verskillende generasies. Baie word geskryf oor die verkeerde wat in daardie tyd afgespeel het. Min goeie goed word uitgelig.

Die Verlore Generasie is mense wat vanaf 1883 tot 1910 gebore is. In Engeland was dit die mense wat in die eerste Wêreldoorlog geveg en dood is, mense waarvan daar nooit weer gehoor is nie. Dalk het hulle net nooit weer teruggekom huis toe nie, om verskeie redes. Die pa was die definitiewe hoof van die huis en tot drie generasies het in een huis gewoon. Daar was bediendes wat met die huistake gehelp het. Kinders het streepsuiker gekry. Die verpligte onderwysstelsel is geïmplementeer.

Die Grootse Generasie strek omtrent vanaf 1910 tot 1924. Hulle neem deel aan Wêreldoorlog 2. Hulle veg vir wat hulle dink reg was, nie om selfsugtige redes nie. Hulle word groot in die Depressiejare. Hulle het geleer om te spaar en te oorleef.

Die Stille Generasie is mense wat vanaf 1925 tot 1945 gebore is. Gedurende die Depressiejare. Hulle lei 'n harde lewe, daar is nie genoeg geld, kos en hulpbronne nie. Hulle het nie betoog nie, want hulle is reeds deur 'n aaklige oorlogtyd. Aldus hulle naam. Meeste van hulle se motto was: "Get as much as you can. Can as much as you get. Sit on your can." Hulle was bang dat die aaklige, arm tye hulle weer sou tref.

Die Baby Boomers. O, die Baby Boomers. Gebore tussen 1946 en 1964. Hierdie generasie doen presies dit: hulle plant voort. Baie mense is dood gedurende die twee Wêreldoorloë en die groot Depressie en dit het die bevolking weer laat groei. Hulle ervaar die Koue Oorlog. Geen gebrek aan geld en hulpbronne nie, hulle sing met min klere en baie blomme in hulle hare, gebruik LSD en betoog teen die oorlog in Viëtnam. Hulle word die grootste verbruikers ooit en spandeer min of meer alles wat hulle het. Dit veroorsaak groei in die ekonomie. Goed vir 'n land, sleg vir die mense op die lange duur.

Generasie X. Gebore tussen 1965 en 1979. Minder mense word gebore. Hulle kry die hoogste vlak van onderrig in die geskiedenis. Ooit. Nie eers in die 2000s nie. Die Berlynse muur val, kommunisme saam daarmee. Hulle kry MTV en gaan na disko's toe (tot groot vreugde van die ouers). Die Golfoorlog begin.

Ons kan later oor die ander generasies gesels.

Onlangs lees ek 'n artikel waar die joernalis giggel oor wat hierdie generasies gedoen het en hoe "verkeerd" hulle was.

Die vorige generasies het leer spaar. Volgens die joernalis, is dit definitief lagwekkend. Ek wonder werklik wat so lagwekkend daaroor is? Diegene wat spaar, gaan nie eendag kla oor die lae SASSA pensioene nie. Hoeveel keer, net voor die begrotingsrede, kla ouer mense oor die arme oumense se SASSA pensioene? Oor die kindertoelae? Wat as. Wat as jy deur jou lewe gespaar het?

Onthou jy hoe gefrustreerd die jonger generasies was tydens die COVID periode? Mense het mekaar gegroet asof hulle mekaar nooit weet gaan sien nie. Verrassing! Die genoemde generasies het dit al voorheen gedoen: met die eerste en tweede Wêreldoorloë en die grensoorlog. Waardeer mekaar, want ons weet nie wanneer ons mekaar weer gaan sien nie.

Die inperking het ons vir omtrent vyf weke in ons huise toegesluit. Vir die voorafgenoemde generasies was dit nie erg nie, want hulle het geleer om hulself besig te hou met dinge by die huis.

Daar was geen selfone met 'n adreslys nie. Daar was wel 'n baie dik telefoonboek en 'n ander, kleiner telefoonboekie waarin mense se nommers neergeskryf is. Later het hulle die telefoonnommers uit die kop geken, wat bygedra het tot breinoefeninge. Weet jy wat jou vrou of man of kind se telefoonnommer is?

Daar was altyd 'n pen of 'n potlood in die kar. Nie noodwendig om mee te skryf nie, maar om al die uitgetrekte kassette weer terug te draai. Dan was dit beskikbaar om gou die blokkiesraaisel te voltooi. En ek dink daar is nie meer baie mense, jonger as 40, wat van blokkiesraaisels hou nie.

Die voorafgenoemde generasies het nie hulle doen en late gepubliseer nie. Daar was in elk geval nie 'n platform daarvoor nie. Daar was ook dan geen rede daarvoor nie, want hulle wou niemand beïndruk nie. Behalwe natuurlik om hulle naam in die koerant te sien omdat hulle die matriekeksamen deurgekom het. Ewe skielik het die landskap verander, want nou gaan dit lei tot sielkundige en allerlei ander probleme indien hulle name nie in die koerant is nie.

Wat my laat wonder: deesdae kry matrikulante meer onderskeidings as in daardie dae. Sou dit wees dat die kandidate slimmer geword het of het die eksamens makliker geword? Net gewonder.

Die les vir hierdie week is dat nie alles uit die vorige generasies sleg was nie. Dit het mense vaardighede geleer wat hulle lewenslank sou kon gebruik. Ten goede. Hulle kon teëspoed hanteer, want dit was deel van hulle lewe. Hulle het geweet van werk en swaarkry en waardeer wat jy het. Om spaarsamig te wees en voorsiening te maak vir pensioen, eendag. Sodat hulle nie iemand anders in die oë moet kyk nie.

Hulle het daagliks breinkrag geoefen: hulle het telefoonnommers en voertuie se registrasienommers onthou, hulle kon 'n padkaart lees, blokkiesraaisels invul en het wyd gelees. (Ek kan nou nog nie 'n padkaart lees nie, dis heeltemal bo my vuurmaakplek. Klaar gebieg vir vandag.)

Ja, daar was slegte besluite wat geneem is. Maar ons sal oor vyftig jaar terugkyk na die huidige generasies en ook wonder hoekom hulle sulke dom besluite geneem het.

Maar moenie dink dat jou generasie alles weet nie.

Want julle weet dit nie. Erger nog: hulle weet nie dat hulle nie weet nie.





# Oud-Heilbronners ontvang graad

*Rolandi Els, die dogter van Francois en Roelien Els, het onlangs BSc Finansiële Wiskunde en Honneurs in Kwantitatiewe Risikobestuur aan die Noordwes-Universiteit behaal. Hierdie prestasie is beslis 'n groot eer vir Rolandi en haar familie.*
*Rolandi het by Hoërskool Heilbron gematrikuleer en het daarna besluit om haar akademiese loopbaan voort te sit aan die Noordwes-Universiteit. Sy het hard gewerk en was baie toegewy aan haar studies, en dit het uiteindelik gelei tot die suksesvolle voltooiing van haar graad en honneurs.*
*Finansiële Wiskunde en Kwantitatiewe Risikobestuur is tans baie gewilde velde in die finansiële sektor en dit is nie aldag maklik om hierdie vakke te bemeester nie. Dit is dus 'n groot prestasie vir Rolandi om hierdie kwalifikasies te behaal, wat haar ook 'n baie gesogte beroepsveld bied.*
*Rolandi se prestasie is 'n ware voorbeeld vir jongmense wat ook drome en aspirasies het om 'n suksesvolle loopbaan na te streef. Haar harde werk en toewyding aan haar studies het bewys dat sukses nie net 'n droom hoef te wees nie, maar iets wat bereik kan word deur 'n positiewe houding en deursettingsvermoë.*

*Joey ontvang haar graad in Landbou en Veekunde. Joey Booysen het op 21 April 2023 haar gradeplegtigheid by die Universiteit van die Vrystaat bygewoon, waar sy haar BSc Graad in Landbou met spesialisering in Veekunde ontvang het. Joey is 'n harde werker en het haarself ten volle toegewy aan haar studies. Sy het in 2017 gematrikuleer aan Hoërskool Heilbron, waarna sy deurgaans uitstekende akademiese prestasies gelewer het. Deur haar toewyding en harde werk bewys dat sy 'n baie suksesvolle student is. Haar passie vir veekunde het haar gemotiveer om te spesialiseer in hierdie gebied van landbouwetenskap. Dit is 'n prestasie waarop sy en haar hele familie trots kan wees.*

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za**

# Inspirasie resepte



Daar is min kos bestanddele wat meer met die Vrystaat geassosieer word as lamsvleis. Selde is daar 'n braaivleisvuur waar daar nie lamtjops of -ribbetjie op die spyskaart is nie.

Hierdie is my maklike "go to" lamsribbetjie resep vir wanneer jy nie kan braai nie, maar steeds lus kry vir daardie lekker uitgebraaide lamshappie. Dit is ideaal vir 'n maklike voorgereg of selfs hoofgereg.

My "go to" resep vir lamsribbetjies in die lugbraaier (airfryer).
Voorbereidingstyd – 20 min
Kooktyd – 40 min
Bedien - 4 mense

**Bestanddele vir lamsribbetjies**
600g lamsribbetjies in enkel ribbetjies gesny, vra jou slaghuis of beskikbaar by Woolworths.

**Oosterse braaisous**
½ koppie sojasous, verkieslik die groen bottel
¼ koppie water
2 eetlepels tamatiesous
2 eetlepels heuning
2 teelepels bruinsuiker
1 suurlemoen se sap
1 knoffelhuisie, fyn gerasper
1 x 2cm groot stuk gemmer, geskil en gerasper
1 teelepel rissievlokkies, of minder na smaak
Klein knippie sout, of na smaak
2 eetlepels geroosterde sesam sade

**Metode**
Vir die Oosterse braaisous
Om die Oosterse braaisous te maak, voeg jy al die bestanddele vir die braaisous in 'n klein potjie. Oor medium hoë hitte bring jy die marinade tot kookpunt. Kook vir 1 minuut, net om die knoffel en gemmer gaar te maak en die suiker op te los. Verkoel in die yskas totdat jy dit benodig.

**Vir die ribbetjies**
Verhit jou lugbraaier of oond tot 180 grade. Plaas jou ribbetjies in die lugbraaier, netjies, sodat hulle nie opmekaar is nie (as jy 'n oond gebruik, plaas jou ribbetjies op 'n roosterrak, bo-op 'n bakplaat en maak seker jou oond se waaier is aan). Braai jou ribbetjies op 180 grade vir 15 minute. Na 15 minute begin jy hulle lekker verf met jou braaisous. Draai jou hitte op na 200 grade en braai hulle vir 10 minute. Na 10 minute verf jy hulle weer. Braai vir nog 5 minute en laat hulle vir 5 minute staan voor jy hulle bedien.

Bedien met vars lemmetjie- of suurlemoen wiggies, en bedruip met die laaste braaisous en besprinkel met sesam sade.

Ekstra vars brandrissie is opsioneel, maar gee wel 'n aangename byt.

**Wenk**
Ek verdubbel die resep graag want dit is net nooit genoeg nie!



# Dandi's open hul deure




Delareyz en Adriaan Smit se drome om 'n familiebesigheid in Heilbron oop te maak, het onlangs waar geword. Dandi's Family Store het sy deure op Dinsdag, 3 Mei 2023, te Elsstraat 43, oorkant PostNet geopen.

Die winkel bied 'n verskeidenheid produkte aan, insluitend elektriese ware, gereedskap, geskenke en vele meer. Delareyz sê dat hulle hard gewerk het om seker te maak dat hulle 'n verskeidenheid produkte aanbied wat aan al hul kliënte se behoeftes sal voldoen.

Delareyz en Adriaan het albei groot drome gehad om Dandi`s te begin, en hulle is opgewonde om te sien hoe Dandi's Family Store groei. Delareyz sê dat hulle besluit het om hul besigheid in Heilbron te begin, omdat hulle weet dat daar 'n groot behoefte is aan 'n klein plaaslike winkel wat alles bied wat die gemeenskap nodig het.

Die Smitte is opgewonde om deel te wees van die gemeenskap en hulle glo dat hul besigheid sal bydra tot die plaaslike ekonomie. Dandi`s wil aan hulle kliënte goeie diens lewer deur unieke produkte te bied en aan hul kliënte se behoeftes te voldoen.

Die opening van Dandi's Family Store is goeie nuus vir die inwoners van Heilbron, aangesien dit 'n plaaslike onderneming is wat deur die gemeenskap ondersteun kan word. Die Smitte is hardwerkend en gemotiveerd om hul besigheid te laat groei en te floreer.






# Miss Sandersville and Miss Sandersville Junior

A number of the brightest and most ambitious that the community of Sandersville has to offer took to the stage this past weekend in the Sandersville community hall to crown the Miss Sandersville and Miss Sandersville Junior.

Through a series of dance items and questions designed to test their wits & character, the girls put on a stellar show for everyone in attendance.

At the end of the night – after a forced load-shedding break – the following girls were crowned:

Best Smile: Marusha Damens
Best Smile: Shenaaz Addis
Best Dress: Shenaaz Addis
Best Dress: Bronick Willemse
Best Speech: Marusha Damens
Best Speech: Leshandre Cooper
Best Hair: Camille Goeieman
Best Hair: Tamica Ruiters
Little Miss Best Smile: Devida Esterhuizen
Best Dress: Kendall Matroos
Best Hair: Tiana Jacobs
1st Princess: Leshandre Cooper
2nd Princess: Shanaaz Addis
Miss Sandersville: Erin Marissa Damens
Little Miss 1st Princess: Devida Esterhuizen
Little Miss 2nd Princess: Tiana Jacobs
Little Miss Sandersville: Lushay Barends

Special thanks to our MC, Tshepileng Minnies; our judges, Susan Jaers, Tshediso Mthembu (Mr Heilbron 2023), Rorisang (Miss Heilbron 2023); and our event organizers, Charlene van Rooyen & Carol van Wyk.

*- Antonio Angelo*



*Tshediso Mthembu, Shenaaz Addis, Erin Marissa, Damens Rorisang, Leshandre Cooper.*




# Baie dankie!



Aan almal wat die 5de April 2023 se verrassing babatee moontlik gemaak het, skenkings gegee het, en teenwoordig was by die geleentheid, sê ons met groot waardering dankie. OK Heilbron, Roos Meubileerders, BKB Heilbron, Platteland Apteek, Louise Snyman Rekenmeesters, Heilbron Herald, Liaani van die Plaaskombuis, asook Rachelle van Salon Geody, Yolandi Russouw, Carin Keogh en Nadia v Wyk, jul skenkings en geskenke wys dat daar nog hope omgee en liefde in die Heilbron gemeenskap is; ons sal definitief die skenkings wys gebruik. Nicolene Roos, 'n onmeetbare groot dankie vir die organisering en reëlings getref vir die geleentheid. Landi se Tuisgebak, dankie vir die koekies, en dankie aan almal wat verversings gebring het. Tannie Elza Kriel, dankie vir die saamrygeleentheid. Aan almal teenwoordig, dankie vir jul tyd en omgee. Oom Chris en Tannie Elize Breytenbach, dankie vir die bymekaarkom plek. Aan familie, dankie vir die goeie gedagte.

*Sal graag anoniem wil bly.*

# Gerrit presteer op die rugbyveld

Gerrit du Plooy, leerder van Hoërskool Heilbron, is onlangs ingesluit by die onder 13 Valke Suid Sedibeng rugbyspan. Hierdie prestasie is 'n ware hoogtepunt vir Gerrit en sy familie, asook 'n bewys van sy harde werk en toewyding aan die sport.

Vir Gerrit is rugby nie net 'n sport nie, maar dit is ook 'n passie wat hom al vir 'n geruime tyd dryf. Deur middel van ure se oefening en deursettingsvermoë het hy sy vaardighede verbeter en homself as 'n waardevolle speler op die veld bewys.


Sy insluiting by die onder 13 Valke Suid Sedibeng rugbyspan is 'n erkenning van Gerrit se harde werk en toewyding aan die sport. Dit is ook 'n bevestiging van sy talent en potensiaal as 'n speler.

Vir Gerrit is die insluiting by die span 'n droom wat werklikheid geword het. Hy besef dat hierdie geleentheid hom die kans bied om sy vaardighede verder te ontwikkel en sy passie vir die sport voort te sit.

Gerrit se familie en vriende is trots op hom en sy prestasies op die veld.



*Gerrit du Plooy*




# Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Ekstraklasse


**EERSTE KWARTAAL 2023 BESTE PRESTEERDERS:**

Hieronder is die toppresteerders tydens dié kwartaal:


**• HEILBRON**
Aljané Zitzke: Graad 8 - Wiskunde 90%
Johanri Pretorius: Graad 9 - Wiskunde 91% en Fisiese Wetenskap 87%

**• FRANKFORT**
Mia Muller: Graad 8 - Wiskunde 92%
Chené Pretorius: Graad 9 - Wiskunde 92%
Elsabé Claasen: Graad 10 - Wiskunde 94% en Fisiese Wetenskap 88%

***Indien enige persone ekstra klasse wil bespreek vir 2024 skakel Suryn Claasen 083 234 9882 om jou plek te verseker.***



*Aljané Zitzke*



*Johanri Pretorius*



*Mia Muller*



*Chené Pretorius*



*Elsabé Claasen*

# Metaalverklikkers gesoek

Die Boereoorlog is 'n belangrike deel van Heilbron se geskiedenis. Vir baie het hierdie oorlog 'n persoonlike impak gehad, veral vir diegene wat grond geërf het en in hierdie tydperk betrokke was. As jy 'n plaas het met 'n Boereoorlog-geskiedenis, of dalk 'n erf in die dorp het wat aan hierdie tydperk herinner, is die Metaalverklikker-groep op jou spoor.

Die groep sal van 11 tot 14 Mei 2023 in Heilbron wees vir 'n jaarlikse byeenkoms. Hulle sal saamwerk met die Erfenisstigting en die Riemland Museum om die 150ste bestaansjaar van Heilbron te vier. Danie Knoetze en sy span nooi almal om saam te kom gesels, asook saam te stap terwyl hulle met die metaalverklikkers na voorwerpe van historiese belang soek. Enige items wat tydens hierdie tyd gevind word en wat die museum van waarde beskou, sal aan hulle geskenk word.

Indien enige persone vrygewig genoeg is om dat die groep mense na jou plaas toe te nooi, sodat hulle kan kom loer vir voorwerpe van historiese belang, kontak gerus Danie Knoetze. Die Metaalverklikkers doen dit alles vir die liefde van ons geskiedenis en om ons erfgoed te bewaar.



# KENNISGEWINGS - KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE STEPHANUS HERMANUS TERBLANCHE, Identiteitsnommer: 670304 5011 080** in lewe 'n Boer woonagtig te Plaas Pietersfontein, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere.
**DATUM VAN AFSTERWE: 2022-05-08**
**BOEDELNOMMER: 005578/2022**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

## NOTICE OF SALE AUCTION

In the Magistrate's Court for the district of Heilbron held at Heilbron.
**CASE NUMBER: 191/2019**
In the matter between:
**JOHANNES ANDREAS KRAMER** *1st Plaintiff*
**JACOB JOHANNES WEIHMANN** *2nd Plaintiff*
**PETRUS JOHANNES JOUBERT** *3rd Plaintiff*
**JACQUES NORTJE** *4th Plaintiff*
**JACQUES VAN DER VYVER** 5th Plaintiff
**CINDY LEE DICKENS** 6th Plaintiff
and
**THAO ZACHARIA MOFOKENG (ID NO: 761130 5484 088)** *1st Defendant*
**DIPUO OLGA MOFOKENG (ID NO: 770310 0423 088)** *2nd Defendant*
In terms of a Court Order issued on the 27th of October 2022, in the Magistrate's Court of, Heilbron and a Warrant thereafter issued, will the goods mentioned below be sold in execution on the 22nd of MAY 2023 at 15h00 at the **MAGISTRATES' OFFICE, ELS STREET, HEILBRON, 9650** held by Sale in Execution which can be purchased by the highest bidder and consists of the following:
**GOODS:**
**100 CROSS BREED SHEEP**
**1X MASSEY FURGUSON 6 ROW PLANTER**
**TOTAL R300 000.00**
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
1. This is a sale in execution pursuant to a Judgment obtained in the above court.
2. Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the Sheriff 22 De Wet Street, Reitz.
3. Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e.:
   3.1 directions of the Consumer Protection Act 68 of 2008. (URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id-99961);
   3.2 Fica-legislation i.r.o. identity & address particulars;
   3.3 payment of refundable registration monies;
   3.4 registration conditions.
4. The office of the SHERIFF REITZ will conduct the sale with auctioneers WF MINNIE.
5. Advertising costs at current publication tariffs & sale costs according court rules will apply.

Dated at Bloemfontein on this 23rd day of March 2023.
**ATTORNEY FOR EXECUTION CREDITOR**
**J VAN DER VYVER**
**KRAMER WEIHMANN INC.**
**KW BUILDING, 24 BARNES STREET, WESTDENE, BLOEMFONTEIN**
**REF: CV4632/EMK**
**C/O CORNELIUS & PARTNER INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**REF: M GERMISHUYS/KWJ1/001**
To: Sheriff for the Magistrate's Court Heilbron

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T34299/2001** passed by: **CHRISTINA JOHANNA MARE** (BORN DU TOIT)
Identity Number: **390814 0021 008**
Married Out of Community of Property
In favour of: **JOHANNES GEORGE DU TOIT**
Identity Number: **670216 5123 089**
Married Out of Community of Property
In respect of certain: **REMAINING EXTEND OF THE FARM JAGERS RUST NO 383, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE, MEASURING: 385,4415 HECTARES**
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
DATED at Pretoria on the 2nd May 2023
**Amanda Botha Attorneys,**
**804 Terblance Street, Rietfontein, 0084,**
**Email: Amanda.botha@amandabotha.co.za;**
**Tel: 082 775 7256**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**NAMPO 16 - 19 MEI**

**GiG Technologies**
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!




## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES


**In the Estate of the Late:**
Surname: **MAKALA**
First names: **SALMON**
Estate number: **9312/2022**
Identity/passport number: **430112 5230 084**
Date of death: **17/12/2021**
Last address: **222 Khutso Street, Metsimaholo, Oranjeville, Heilbron, 1995**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**JOHAN HELGARD VAN SCHALKWYK**
**C/O CLAUDE REID**
**165 ST ANDREW STREET**
**WESTDENE**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**ina@claudereid.co.za**
**TEL: 051 447 9881**
**REF: HELGARD / INA**
**DATE SUBMITTED: 2023/04/24**
**Publication on: 2023/05/05**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **MAKALA**
First names: **JOCOBETH**
Estate number: **9508/2022**
Identity/passport number: **490819 0616 086**
Date of death: 08/06/2020
Last address: **222 Khutso Street, Metsimaholo, Oranjeville, Heilbron, 1995**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**SALMON MAKALA**
Identity/passport number: **430112 5230 084**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**JOHAN HELGARD VAN SCHALKWYK**
**C/O CLAUDE REID**
**165 ST ANDREW STREET**
**WESTDENE**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**ina@claudereid.co.za**
**TEL: 051 447 9881**
**REF: HELGARD / INA**
**DATE SUBMITTED: 2023/04/24**
**Publication on: 2023/05/05**




WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE**:
08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**




# SMALLS

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD
Sport

# Winde kom tot ruste

Heilbron Gholfklub se komitee het die lug gesuiwer na aanleiding van verlede week se gholfberig. Tydens die AP Kerk borgdag op 22 April was die wenners gepenaliseer omdat hulle die oggend gespeel het toe dit windstil was. Die beweerde besluit het rimpelinge veroorsaak.

Die president, Gerrie Muller sê in sy verklaring op die klub se kletsgroep dat dit nie die rede was nie. Dit lui soos volg – "Ongelukkig was die 4hand onder die indruk dat nodige reëlings vooraf getref is om vroeër af te slaan en sodoende te kwalifiseer vir prysuitdeling. Nodige reëlings is nie getref met die borg nie. Weens die verskil in formaat tussen Dubbel Putjiespel en die betrokke dag se formaat, kon die Dubbel Putjiespel formaat nie toegepas word nie, want die betrokke dag se formaat was Best Drive Better Ball. Die 2hand moes dus hul1ste plek verbeur en laaste in die ry val wat 9de plek was. Die borg se besluit was bloot om in die lede se belange om te sien, al was die komiteelede nie betrokke by die besluit nie, sou ek ook dieselfde besluit gemaak het."

Merk 20 Mei op jou gholfkalender; Bronnies Kleuterland hou hulle eerste fondsinsameling-gholfdag met hope passie en pryse. Annemarie Hayward, hoof van die skool sê dat die dag aangebied word om minderbevoorregte kinders te help en ook om die skool se terrein te verbeter. Volgens haar is daar reeds baie belangstelling en poog hulle om sowat 62 gholfers die dag byeen te kry.

Môre is die HBA maandbeker op die spel. Inskrywings vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.

# Luané du Plessis: Rolbal prestasies

Die algemene siening dat rolbal 'n sport vir oumense is, is besig om totaal te verander, aangesien al meer en meer jongmense ernstig begin rolbal speel en hulle presteer uitstekend.

Noord Vrystaat as distrik is bevoorreg om te kan spog met uitstekende senior spelers asook twee Protea-spelers, maar Hennenman het 'n uitstaande junior speler wie reeds uitstekend presteer met 'n blink rolbaltoekoms wat vir haar wink.

Die platteland, anders as in die groter sentrums, het nie altyd die geleenthede vir junior spelers nie, daarom is Luané se prestasies 'n bewys, nie net van talent nie, maar ook van deursettingsvermoë.

Kom ons gaan kyk waar het Luané du Plessis se loopbaan begin.

Met beide ouers wat rolbal speel het sy as agtjarige dogter basies langs die rolbalbaan grootgeword. Op elfjarige ouderdom het die rolbalgogga gebyt en begin sy saam met haar ouers rolbal speel. So word 'n jong kampioen gebore.

Gedurende 2021 het sy saam met spanmaat Danika Swartz deurgedring na Noord Vrystaat dames pare-kompetisie. In die finaal van hierdie wedstryd, op veertienjarige ouderdom, speel Luané as skip die absolute droomskoot en twee juniors stap as Noord Vrystaat kampioene van die baan.

Tydens 2022 wen sy Noord Vrystaat dames enkels, 'n kompetisie waar sy teen gesoute spelers te staan gekom het. Sy eindig in dieselfde jaar as naaswenner tydens die Driehoek-kompetisie in Bloemfontein.

Gedurende 2023 word Luané ook uitgenooi na die Junior Meesterskompetisie wat in Kaapstad aangebied is.

Wat Luané se prestasies merkwaardig maak, is die feit dat sy nie formele afrigting kry nie. Haar talent en passie vir die sport met ondersteuning van beide haar ouers is haar wenresep, terwyl Linda van Caspel en Rudi Jacobs haar rolmodelle is.

Hier is 'n sestienjarige jong meisie met "Big Match Temperament" vir wie Nasionale Kleure op die horison wink.



*Luané du Plessis*

FUNKSIONELE TERAPEUT & PASTORALE BERADER
TRAUMA, VERLIES, GESINSBERADING
KINDER-SPELTERAPEUT
TRAUMA, VERLIES, GEDRAGSPROBLEME
REMEDIËRING
GRAAD R: GEREGISTREERDE SKOOLGEREEDHEIDSTOETS
BRENDA SCHEEPERS: 083 660 5873

## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 19 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |

ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL




WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 8 MEI 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSDAG - 9 MEI 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
ARLINGTON 2-Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
ERMELO Speenkalf veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DUNDEE 2-Weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

WOENSDAG - 10 MEI 2023
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
VREDE Boerevereniging veiling
Jandré Moll 082 307 9169

DONDERDAG - 11 MEI 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DANIËLSRUS 2-Maandelikse veiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VRYDAG - 12 MEI 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

EST. 2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
50% afslag op alle kos items!
Geldig op Donderdae gedurende Mei 2023 | Take Away & drankies uitgesluit